DIE BYBEL
in 'n neutedop

—deur Peter Hammond

"Ek is die Here jou God wat jou uit Egipte, uit die plek van slawerny, bevry het. Jy mag naas My geen ander gode hê nie." Eks 20:2-3

Die boodskap van Eksodus

1. God is almagtig
2. God is soewerein oor geskiedenis
3. God openbaar Homself
3. God is heilig
4. God is getrou aan Sy Verbond
5. God tree ingrypend in die geskiedenis op
6. God oordeel sonde, afgodery en vals gelowe
7. God vergewe die sonde van Sy volk
8. God praat met mense
9. God roep ons tot Sy diens
10. God lei Sy volk
11. God voorsien die behoeftes van Sy volk
12. God beskerm Sy volk
13. God red en verlos Sy volk
14. God bevry Sy volk van slawerny
15. God woon tussen Sy mense
16. Die Here alleen is God. Daar is geen ander nie.

'n Oorsig

Uittog (Eksodus 1-18) – **Verlossing**
Wet (19-24) – **Gehoorsaamheid**
Tabernakel (25-40) – **Aanbidding**

Christelike pelgrimstog

Ons sien deurgaans in die boek Eksodus 'n sinnebeeld van die Christelike lewe, uitgebeeld in die pelgrimstog van Israel:

- Die Egiptiese slawerny: slawerny van sonde
- Die kwartels: God se voorsiening
- Die water uit die rots (1 Kor 10:4): die lewende water van Christus
- Moses se opgehefde hande: gebed
- Die reis uit Egipte na Kanaän: ons dissipelskapsreis van die vleeslike na die geestelike lewe
- Verlaat Egipte vir die Beloofde Land: verlaat die slawerny van sonde na vryheid
- Bevryding van slawerny: Bevryding van slawerny tot die sonde
- Loop deur die Rooisee: doping
- Moses as profeet, leier, gewer van die Wet: 'n skadubeeld van Jesus as Profeet, Priester en Koning
- Moses gee die Wet: Jesus die Nuwe Verbond
- Om die manna te kry, moes die gelowiges vroeg opstaan om dit bymekaar te maak (voordat dit bederf). Hulle moes op hulle knieë gaan om dit te ontvang. Hulle moes dit daagliks doen. Dus is die manna in die wildernis 'n simbool van ons godsdienstige lewe.
- Moses en die Wet kon dit nie haal om die land in besit te neem nie. Jesus (Joshua) het oorwin en die Beloofde Land binnegegaan.

In Eksodus sien ons God se hand oor Sy volk, hulle bevryding uit onderdrukking en hoe Hy hulle deur die wildernis lei – altyd getrou en genadig.

- Moses as verlosser: 'n tipe Christus
- Die uittog: verteenwoordigend van die afstanddoen van sonde
- Die Paaslam (1 Kor 5:7): 'n Christusvoorbeeld, die Lam van God
- Die oopgaan van die Rooisee: God skep 'n uitweg
- Farao se agternajaag van Israel: tekenend van die bose wat die gelowige najaag
- Die vuurpilaar en wolkpilaar: God se teenwoordigheid en leiding van gelowiges
- Mara: bitter ervarings
- Die boom wat Mara soet gemaak het: Die Kruis
- Elim: soet ervarings
- Die manna (1 Kor 10:3): die Brood van die lewe

Die name van God in Eksodus

JAHWEH SHALOM: Die Here is vrede
JAHWEH NISSI: Die Here my banier / vaandel
JAHWEH JIREH: Die Here wat voorsien
JAHWEH RAPHEKA: Die Here wat genees
JAHWEH ZEBAOTH: Die Here van die Leërskare
JAHWEH EOYAN: Die Here die almagtige
JAHWEH ROE: Die Here my herder
JAHWEH ZIDKENU: Die Here ons geregtigheid
JAHWEH MEHADDISHKEN: Die Here wat heilig maak
JAHWEH SHAMMAH: Die Here wat daar is, God is teenwoordig
EL-SHADDAI: God almagtig
EL ELYON: Die allerhoogste God
EL OLAN: Die ewige God
EL BETHEL: Die God van vrede
EL ROI: Die God wat sien wat gebeur
EL ELOHE YISAIEL: God, die God van Israel
YHWH: Jahweh – Jehova – die Here God "Ek is"

"Jy mag die Naam van die Here jou God nie misbruik nie, want die Here sal die een wat Sy naam misbruik, nie ongestraf laat bly nie." Eks 20:7

DIE 10 PLAE

'n Teken van oordeel

Die Tien Plae wat Farao gedwing het om Israel te laat gaan, was 'n oordeel oor die vals godsdienste en afgodery van Egipte (Eksodus 7:4-5). God beskryf die plae as 'n oordeel wat oor *"al die Egiptiese gode"* gevel is (Eksodus 12:12).

1. Toe die Here die water van die Nyl in bloed verander het, was dit 'n oordeel oor die god van die Nyl, wat die Egiptenare aanbid het
2. Die paddaplaag was 'n oordeel oor die paddagode: Hapi en Heket
3. Die luisplaag was 'n oordeel oor Seb
4. Die vlieëplaag was 'n oordeel oor Scaralaeus
5. Die pes onder die vee was 'n oordeel oor Apis
6. Die plaag van swere was 'n oordeel oor Typhon
7. Die hael en vuur was 'n oordeel oor Shu
8. Die sprinkaanplaag was 'n oordeel oor Serapis
9. Die duisternis was 'n oordeel oor Ra, die Songod
10. Die dood van die eersgeborenes, insluitende die seun van Farao, was 'n oordeel oor Farao wat as 'n god aanbid is.

Die Tien Plae het die krag van die Here God oor al die kragte van die natuur, Farao, Egipte en al hulle vals gode, openbaar. »

Die Bybel
in 'n neutedop

Die Wet
vers 1-4: Ons verantwoordelikheid teenoor God
vers 5: Ons verantwoordelikheid teenoor ons ouers
vers 6-10: Ons verantwoordelikheid teenoor ander mense
"Ons was dus onder die toesig van die wet totdat Christus sou kom sodat ons deur te glo, vrygespreek sou word." Gal 3:24.

Dekaloog (Tien gebooie):
- Respek vir **God**
- Respek vir **mense**
- Respek vir **eiendom**

"Die Woord van die Here is volmaak: dit gee lewe." Psalm 19:8.

Drie gedeeltes van die Wet:
1. Sedewet – Die Tien Gebooie (Eksodus 20)
2. Burgerlike wet – Sosiale verhoudings en regulasies (Eksodus 21-24)
3. Seremoniële wet – Voorskrifte vir aanbidding (Eksodus 25-40).

Eksodus openbaar die heiligheid van God in Sy oordeel en die liefde van die Here in verlossing.

Volkome verlossing in Eksodus:
- God het die Hebreërs teen die oordeel van die plae beskerm
- God het Sy volk verlos van die dood deur die bloed van die Lam
- God het Sy volk uit slawerny bevry
- God het Israel van Farao en sy strydwaens gered
- God het die Israeliete van hongersnood gered deur manna, water en kwartels te voorsien
- God het Israel teen die vyandige leërmagte beskerm
- God het die Israeliete van hulle self verlos deur hulle te dissiplineer, reinig, suiwer en voor te berei vir aanbidding en diens

"Julle het gesien wat Ek aan Egipte gedoen het, en hoe Ek julle soos op arendsvlerke veilig gedra en na My toe gebring het. As julle My gehoorsaam en julle aan My verbond hou, sal julle uit al die volke My eiendom wees, 'n koninkryk wat My as priesters dien, en 'n gewyde nasie." Eksodus 19:4-6. ■

DR. PETER HAMMOND *is die stigter van Frontline Fellowship. Kontak hom by: 021 689 4480, mission@frontline.org.za of besoek www.frontline.org.za*